IBO
IB DIPLOMA PROGRAMME
PROGRAMME DU DIPLÔME DU BI
PROGRAMA DEL DIPLOMA DEL BI

88060002

**AFRIKAANS A1 – HIGHER LEVEL – PAPER 2**
**AFRIKAANS A1 – NIVEAU SUPÉRIEUR – ÉPREUVE 2**
**AFRIKÁANS A1 – NIVEL SUPERIOR – PRUEBA 2**

Tuesday 21 November 2006 (morning)
Mardi 21 novembre 2006 (matin)
Martes 21 de noviembre de 2006 (mañana)

2 hours / 2 heures / 2 horas

---

INSTRUCTIONS TO CANDIDATES

- Do not open this examination paper until instructed to do so.
- Answer one essay question only. You must base your answer on at least two of the Part 3 works you have studied. You may include in your answer a discussion of a Part 2 work of the same genre if relevant. Answers which are not based on a discussion of at least two Part 3 works will not score high marks.
- You are not permitted to bring copies of the works you have studied into the examination room.

INSTRUCTIONS DESTINÉES AUX CANDIDATS

- N'ouvrez pas cette épreuve avant d'y être autorisé(e).
- Traitez un seul sujet de composition. Vous devez baser votre réponse sur au moins deux des œuvres de la 3e partie que vous avez étudiées. Le cas échéant, vous pouvez inclure dans votre réponse une discussion sur une œuvre du même genre littéraire étudiée dans la 2e partie du programme. Les réponses qui ne sont pas basées sur au moins deux des œuvres de la 3e partie n'obtiendront pas une note élevée.
- Vous n'êtes pas autorisé(e) à amener des exemplaires des œuvres que vous avez étudiées dans la salle d'examen.

INSTRUCCIONES PARA LOS ALUMNOS

- No abra esta prueba hasta que se lo autoricen.
- Elija un tema de redacción. Su respuesta deberá basarse en al menos dos de las obras estudiadas en la Parte 3. Se podrán hacer comentarios sobre una obra de la Parte 2 del mismo género, si fuera necesario. Las respuestas que no incluyan una discusión sobre al menos dos obras de la Parte 3 no recibirán notas altas.
- No se permite traer a la sala de examen copias de las obras estudiadas.

*Skryf ‘n opstel oor* ***een*** *van die volgende. Jy moet jou antwoord baseer op ten minste twee van die Deel 3 werke wat jy bestudeer het. Jy mag in jou antwoord ‘n bespreking van Deel 2 werke van dieselfde genre insluit, indien relevant. Antwoorde wat nie gebaseer is op ten minste twee Deel 3 werke, sal nie hoë punte behaal nie. Verwysings na ander werke is toelaatbaar, maar behoort nie die hoofdeel van jou antwoord uit te maak nie.*

**Drama**

**1.** (a) “Ons word meegesleur deur die tragedie omdat die tragiese en noodwendige ondergang van ‘n karakter in die drama ons kennelik daaraan herinner dat menslike swakhede eerder as eksterne gebeure ons eie ondergang kan bewerkstellig.” Deur na ten minste twee dramas te verwys, besluit in watter mate die protagonis se weg deur eksterne gebeure bepaal word.

*of*

(b) ‘n Goeie drama word gekenmerk deur ‘n kragtige katarsis. Oorweeg die geldigheid van die stelling deur na sommige van die bestudeerde dramas te verwys.

**Poësie**

**2.** (a) “Ons lees poësie omdat dit emosies verwoord en verwerk wat ons reeds teengekom het, of wat ons eendag mag teenkom. So verstaan ons onsself beter.” Reageer op die stelling deur na gelese poësie te verwys.

*of*

(b) Daar word dikwels na die digter verwys as ‘n *woordsmid*, ‘n ambagsman wat woorde smee en buig soos wat ‘n grofsmid met yster werk. Dink jy dat die beskrywing van die digter se ambag gepas is? Reageer op die beeld van die digter deur na gelese gedigte te verwys.

**Roman**

**3.** (a) Die Afrikaanse roman open dikwels ‘n Europese venster op Afrika. In watter mate is die stelling van toepassing op die romans wat jy gelees het?

*of*

(b) Die optrede van karakters word dikwels bepaal deur die kulturele en morele norme van ‘n bepaalde era, d.w.s. vrye wil word in ‘n mate aan bande gelê deur die paradigma van ‘n tyd. In watter mate is dit waar van die gelese romans?

**Kortverhale**

**4.** (a) ‘n Literêre kritikus het gesê: “Die slot van die kortverhaal bevredig by uitnemendheid wanneer dit ‘n aspek van die universele menslike natuur aan die leser bevestig.” In watter mate word dié stelling deur die ontknopings in die gelese verhale vir jou bevestig?

*of*

(b) “Die goeie kortverhaal word gekenmerk deur ‘n sterk spanningslyn en ‘n verrassende slot.” Kan jy saamstem met dié tipering van wat ‘n goeie kortverhaal behels? Verwys na gelese kortverhale ten einde jou argumente te staaf.

**Algemeen**

**5.** (a) Fiksie openbaar die lewe soms op ‘n meer ingrypende wyse as die lewe self. Deur na van die werke gelese weke te verwys, lewer kommentaar op die ‘waarheid’ van die stelling.

*of*

(b) Goeie letterkunde is ‘n spieël. Dit werk met temas en situasies waarin die leser soms onthuts haarself herken. Kan jy met dié stelling identifisser? Hoe kan letterkunde as ‘n spieël vir die leser dien?

*of*

(c) “Vir die liefhebber van die letterkunde maak dit nie saak of sy gedigte, romans, kortverhale of dramas lees nie; elke genre bring ‘n oorvloed van genot.” Wat verstaan jy onder die ‘genot’ waarvan hier sprake is?

*of*

(d) Iemand het gesê: “Wanneer ‘n belese persoon sterf, brand ‘n biblioteek af.” Wat sou hy daarmee bedoel het?